**2018/260337/08 REG. DATE 04/05/2018 NPC**

NG Kandelaar Studentegemeente

*Dissipels saam op pad*

**K2018260337**

Geagte Mnr/Me,

Is: NG Kandelaar Studentegemeente Eerstejaars kamp 2026

Kandelaar Studentegemeente vorm ŉ integrale deel van die Noord-Wes Universiteit van Potchefstroom, en as ŉ kollektief is Potchefstroom, die gemeente en die Universiteit, ons huis weg van die huis af. Dit is dus verstaanbaar dat die gemeente nie in isolasie kan funksioneer nie en vir die rede neem ons vrymoedigheid om u te nader om betrokke te raak by ons familie, en meer spesifiek by die jaarlikse Eerstejaarskamp.

Om op universiteit te wees, en des te meer ŉ student te wees, is om jou voete in ŉ nuwe lewensfase, gevul met uitdagings, geleenthede, refleksie en selfontdekking-reise te vind. Afgesien van die rimpel effek na COVID-19, bestaan daar ook tans ŉ groot behoefte met betrekking tot effektiewe selfontwikkeling, introspeksie en waardevolle verhoudings bou, sowel as die ontsluiting van leierskap potensiaal op ŉ waardegebaseerde wyse onder studente wat op die drumpel van volwassenheid staan. Eerstejaars is meestal verward en deurmekaar as hulle op die groot en onbekende Puk kom en gryp gewoonlik na die eerste "oplossing" wat oor hulle pad kom, of dit goed of sleg is. Ons wil juis vir hulle n vaste fondasie gee en selfbeeld in Christus voor hulle gryp na tydelike aardse oplossings.

Die gemeente, en dan ook die Eerstejaarkamp, wat op ŉ jaarlikse basis aangebied word, dien as platvorm om alle studente te betrek en vir studente die geleentheid te bied om iets van hulself en hulle medestudente te ontdek, en saam te groei. Om die Eerstejaarskamp moontlik te maak, is ons aldus afhanklik van finansiële bydraes vanuit die gemeenskap, beide van individue en sake-ondernemings.

| **Wat u aan ons kan bied:** | **Wat ons aan u kan bied:** |
|---|---|
| 1. ŉ Kontant borg.<br>- U kan veilig aanlyn ŉ bydrae maak op ons skakel:<br><br>https://pay.yoco.com/kandelaar-studentegemeente<br>- Direkte deposito's<br><br>**NG Kandelaar Studentegemeente NPC**<br>**ABSA Tjek, 670590542,T/k 632005**<br>**Verwysing: EJK/student naam en selfoon nommer**<br>2. Voedsel opsies in terme van kos produkte bv. beskuit, vleis, volroom lang lewe melk, aanmaak vrugtesap ens.<br>3. Borg van kamp memorabilia, bv. T-hemde, hoede, ens. | 1. Deelname en betrokkenheid by ŉ instelling wat ŉ wesenlike verskil in groei en ontwikkeling fasiliteer, en teweegbring, met ander woorde, u sosiale ontwikkelingsbydrae.<br>2. U onderneming se handelsmerk verskyn tydens ons Sondae dienste se aanlyn uitsending en op ons sosiale media platforms.<br>3. Bedanking vir enige borge, of voedsel donasies tydens eredienste.<br>4. U onderneming se reklame- en bemarking produkte word tydens die kamp uitgedeel<br>5. Moontlik meer gemeenskap ondersteuning, besigheid, en fiskale. |

Ons sien werklik daarna uit om u ook as deel van ons familie te ontvang en te verwelkom. Ons is waarlik opgewonde om van u te hoor.

Kandelaar groete

Tjaart Cronje

Kamp Leier

**Posbus 20087. Noordbrug. Potchefstroom. 2520 60 Rissik Straat +27182992592 www.kandelaar.org**

0714224739

cronjet@icloud.com